KOERSVAS

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die Redaksioneel is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Oudl. Jaco de Ridder

JAARGANG 13 UITGAWE 256 13 NOVEMBER 2026

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel: Van einde tot nuwe begin - 'n November-nabetragting

Teologiese erfenis en geloofsmylpale

Berigte: Predikante verjaar
Ledekomitee
Hofsaak

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

VAN EINDE TOT NUWE BEGIN - 'N NOVEMBER-NABETRAGTING

November is 'n maand van eindes. Matrikulante skryf die laaste vraestelle van hul skoolloopbaan. Besighede hou hul jaareindfunksies met terugblikke op die jaar se suksesse en mislukkings. Gesinne begin beplan vir die rus- en feestyd van Desember. In kerke met 'n Hervormde tradisie lê katkisante belydenis van hul geloof voor die gemeente af.

Dit is 'n gepaste tyd vir nabetragting, veral as ons dit met Christenoë en in die lig van God se Woord doen. Die psalmdigter bid: " *Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom.*" (Ps. 90:12). Wie sy dae reg tel, kyk verder as die kalender. Hy anker sy hart in die Ewigheid.

Vir die matrikulant is die eindeksamen die hek na die groot wêreld. Maar is hy of sy geestelik toegerus vir 'n gevalle wêreld wat toenemend vyandig staan teenoor die evangelie en teenoor Christene? Skoolprestasie en universiteitstoelating is belangrik, maar dit is nie genoeg nie. 'n Jongmens wat die wiskunde bemeester het, maar nie weet op wie hy in lewe en sterwe kan vertrou nie, is nie toegerus vir die lewe nie. Die eerste vraag van ons Heidelbergse Kategismus bly die vraag waarop elke leerling, ouer en gemeente 'n antwoord moet hê: wat is my enigste troos in lewe en in sterwe? Die Skrif waarsku: " *Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.*" (1 Pet. 5:8). Het ons ons jongmense genoegsaam voorberei om standvastig te bly wanneer die leeu begin brul?

Vir menige katkisant is die belydenis van geloof dikwels die "eindeksamen" van die katkisasieklas. Die antwoorde word geleer, die katkisant staan voor die gemeente en antwoord met oortuiging "ja" op die vrae... en dan verdwyn baie van hulle uit die kerk. Vir diesulkes was die geloofsbelydenis soos 'n skool-eksamenvraestel wat afgehandel en agtergelaat word. Christus sê egter: " *Maar wie tot die einde volhard, sal gered word.*" (Matt. 24:13). Die openbare geloofsbelydenis is nie die eindstreep nie, maar die begin van die wedloop. Die skrywer van Hebreërs roep ons op om "*die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gevestig op Jesus...*" (Heb. 12:1-2). Die gemeente moet ook hier die hand in eie boesem steek. Hoe begelei ons ons nuwe lidmate ná hul belydenisaflegging? Is daar 'n plek vir hulle in die dienswerk van die gemeente, ondersteun ons hulle, help ons hulle om geestelik te groei? Of laat ons hulle na hul eksamen alleen met die leeu?

November se nabetragting raak nie net die jongmense nie. Elke gelowige word tot ondersoek geroep. Het ek geestelik gegroei, of het ek net "kerk toe gegaan"? Het my geloofslewe verdiep, of het dit vervlak? Het ek hierdie jaar toegeneem in liefde, heiligheid, geduld en vergewensgesindheid? Petrus vermaan ons: " *Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus...*" (2 Pet. 3:18).

Gelowige ouers, dink terug aan julle doopbeloftes. Toe julle kinders gedoop is, het julle voor God en Sy gemeente beloof om hulle in die vrees van die Here groot te maak, hulle die Bybel te leer en hulle met woord en voorbeeld na Christus te lei. Is die beloftes nagekom? Of het sport, skoolwerk, televisie en sosiale media meer tyd en aandag gekry as die dinge van die Koninkryk? Die Here sê: "*“Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.*" (Deut. 6:6-7). Die doop is 'n teken van God se verbondsbelofte, maar dit bring ook 'n verbondsverantwoordelikheid mee. Die doopbelofte is nie leë woorde nie. Geloofsopvoeding begin by die huisgodsdiens, by die huis en op vakansie en by die voorbeeld van ouers wat self met erns hul geloof leef. Dit kan nie alleen aan die predikant of kategeet oorgelaat word nie.

Ook die ampsdraers word in hierdie maand genooi om rekenskap te gee, nie voor mense nie, maar voor die Here van die kerk. Het ons die kudde getrou opgepas en gevoed? Het ons die Woord suiwer verkondig, of het ons die boodskap soms versag om mense tevrede te hou? Het ons die siekes besoek, die afgedwaaldes gaan haal, die jeug begelei en die sakramente waardig bedien? En het ons die tug oor leer en lewe, waarvan ons Belydenisskrifte as 'n merk van die ware kerk praat, met liefde en ernstigheid toegepas? "*Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun.*" (Hand. 20:28). November vra aan elke predikant en ouderling: was ek hierdie jaar 'n getroue dienskneg?

November is egter nie net 'n maand van eindes nie. Dit is 'n Godgegewe geleentheid om te vra of die eindes in ons lewens werklik eindes is, en of hulle die deure na 'n nuwe begin is. Die Here self sê: "*Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde...*" (Openb. 21:6). Die Here wat vir die wêreld en Sy kerk die begin gegee het, sal dit tot Sy eer ook nie onvoltooid laat eindig nie. Sy mag en wil was die eerste oorsaak van alles, en Sy welbehae en eer is die uiteindelike doel daarvan. Ons troos is dat ons nie op ons eie krag hoef staat te maak nie: "*Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.*" (Fil. 1:6).

Mag hierdie eindes ons lei na 'n nuwe begin in Hom wat die begin ÉN die einde is. Aan Hom alleen die eer.

Jaco de Ridder

TEOLOGIESE ERFENIS EN GELOOFSMYLPALE

1 November 451 – *Die Konsilie van Chalcedon eindig. Die Chalcedoniese geloofsbelydenis word uitgereik waarvolgens Jesus, as die tweede persoon in die Heilige Drie-eenheid, in twee nature erken word -waarlik God en waarlik mens.*

2 November 1561 – *Guido de Brès voltooi die Nederlandse Geloofsbelydenis, wat deel word van die Drie Formuliere van Eenheid. Op 2 November is die dokument oor die muur van die Kasteel van Doornik gegooi, geadresseer aan koning Fillip II.*

2-18 November 1824 – *Die eerste Algemene Kerkvergadering het van 2 tot 18 November 1824 in Kaapstad sitting geneem en moes 'n kerkorde opstel sodat die Kaapse kerk selfstandig en onafhanklik van die Hervormde Kerk in Nederland kon funksioneer.*

13 November 1618 – *Die historiese Sinode van Dordrecht open sy eerste amptelike sitting in Nederland; hierdie sinode verskaf die teologiese basis vir die Dordtse Leerreëls.*

29 November 1839 – *Die Geloftekerk in Pietermaritzburg word voltooi en ingewy om die Gelofte van Bloedrivier gestand te doen.*



BERIGTE

PREDIKANTE VERJAAR

Baie geluk aan die volgende Geloofsbond-predikante wat in November verjaar:

Prof (em) HG Van der Westhuizen - 21 November

Dr Johan Otto (Premiermyn) - 22 November

LEDEKOMITEE

Die ledekomitee herinner gemeentes wat nog nie verslae of bevestiging van oudit ingedien het nie om onverwyld so te maak. Baie dankie vir gemeentes wat reeds gereageer het.

HOFSAAK

Die hofsaak, wat oorspronklik vir 9 November 2026 geskeduleer was, sal nou vanaf 16 November 2026 deur regter Van der Westhuizen aangehoor word. Ons vra voorbidding dat reg sal geskied.

KENNISGEWINGS

Volkshulp 2000
MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF

Hande wat dra: Hoe Volkshulp 2000 reeds meer as drie dekades lank volksgenote in nood bystaan

In tye waarin ekonomiese druk swaar op baie huishoudings rus, bly onderlinge omgee en naastediens een van die sterkste ankers in ons gemeenskap. Sedert 1991 verrig Volkshulp 2000 as 'n organisasie sonder winsoogmerk stil, maar onmisbare werk om hulpbehoewende gesinne, kinders en bejaardes in hul daaglikse stryd te ondersteun.

Omdat die organisasie geen vaste befondsing of ondersteuning van die staat of eksterne instansies ontvang nie, word die werk uitsluitlik gedra deur die welwillendheid van medegelowiges en volksgenote. Benewens die voorsiening van basiese lewensmiddele, beywer Volkshulp 2000 hom ook om op 'n volhoubare wyse werksgeleenthede te skep sodat mense weer op hul eie voete kan staan.

Hoe ek betrokke kan raak

Daar is verskeie praktiese maniere waarop jy hierdie dienswerk kan help dra:

- **Skenkings van bruikbare goedere:** Alledaagse items wat in een huis oortollig geword het, bring dikwels groot verligting in 'n ander. Daar is veral 'n voortdurende behoefte aan kos, klere, skoene, linne, huisraad, bruikbare meubels en speelgoed.
- **Finansiële bydraes:** Geldelike ondersteuning help om lopende behoeftes aan te spreek. Volkshulp 2000 is geregistreer om op aanvraag 'n Artikel 18A-belastingsertifikaat vir alle kontantdonasies uit te reik. Bankbesonderhede is op versoek by die hoofkantoor of per e-pos beskikbaar.

Afleweringspunte in Pretoria

Skenkings van goedere kan self by enige van die onderstaande punte afgelewer word, of die hoofkantoor kan gekontak word om reëlings te tref vir afhaal:

Volkshulp hoofkantoor
(Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria Tel: 012 755 8201)

Snuffels 1 Eastpark Sentrum
(Baviaanspoortweg Eastlynne Tel: 012 755 8185)

Snuffels 3 Magalies Gebou
(H/V Steve Biko en Booysens str. Gezina Tel: 012 755 8187)

Snuffels 4 Prenor Gebou
(Gerrit Maritz str. 589 Pretoria -Noord Tel: 012 755 8183)

Navrae en kontakbesonderhede

Vir verdere inligting oor die werksaamhede van Volkshulp 2000, bankbesonderhede of om 'n bydrae te reël, kan daar gerus kontak gemaak word:

www.volkshulp.org.za
Tel: 012 755 8201 • **Sel:** 082 682 7454
WhatsApp: 071 368 7989
Adres: Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria
E-pos adres: bestuur@volkshulp.org.za